# DIE BOEK

## Week 6 – 1000 vrederyk, groot Wittroon Oordeel, Ewigheid (Open. 20-22)



# OPENBARING

# Die duisendjarige vrederyk van Jesus Openbaring 20:1-15

**1. Die 1000 jarige vrederyk 20:1-6**

**2. Satan se lot 20:7-10**

**3 Die wittroonoordeel 20:11-15**



Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank. En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; Open.20:6-7 AOV)

# Millenium

- Pre-Millenium
- Post-Millenium
- A-Millenium



# Opstanding uit die dood

En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. (Open.20:5)



Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank. (Open.20:6)



Die eerste opstanding vind  in verskeie stappe plaas:


- Eers Jesus as die eersteling.
- Daarna die Opstanding van ontslape heiliges.
- Die opstanding by die Wegraping.
- Die opstanding by die Wederkoms.
- 1Kor. 15:20; Mat.27:51-53; 1Thes. 4:16: Open.20:4-5



# Die tweede opstanding – Veroordeling-

Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom ’n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor   en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling.

Joh. 5:28-29 AFR53



En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik. Dan.12:1-2



En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. (Open. 20:7-9)



En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid. (Open.20:10 AOV)

# Groot Wittroon oordeel 20:7-15

En Henog, die sewende van Adam af, het ook teen hulle geprofeteer en gesê: Kyk, die Here het gekom met sy heilige tien duisendtalle, om gerig te hou oor almal en al die goddelose mense onder hulle te straf oor al hulle goddelose werke wat hulle goddelooslik gedoen het, en oor al die harde woorde wat die goddelose sondaars teen Hom gespreek het.(Jud.1:14-15)



# Twee oordele

- Die regterstoel van Christus (Gelowiges)

- Die Wittroonoordeel (Ongelowiges)



# Regterstoel van Christus

Maar jy, waarom oordeel jy jou broeder? Of jy ook, waarom verag jy jou broeder? Want ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word. Want daar is geskrywe: So waaragtig as Ek leef, sê die Here, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal God bely. So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee. Laat ons dan mekaar nie meer oordeel nie, maar besluit dít liewer, om nie die broeder ‘n hindernis of struikelblok in die weg te lê nie. (Rom. 14:10-13)

Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad. (2Kor.5:10)



# Wittroonoordeel

En ek het ‘n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en ‘n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp. (Open.20:11-15 AOV)



# Daniel het dit ook gesien

Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en ‘n Oue van dae gaan sit het; sy kleed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol; sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan ‘n brandende vuur; ‘n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan; duisend maal duisende het Hom gedien, en tien duisend maal tien duisende het voor Hom gestaan; die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen. (Dan. 7:9-10)



# Ewige nuwe orde 21:1-22:6

**1.Die nuwe Hemel en nuwe Aarde 21:1-8**

**2. Die nuwe Jerusalem en die bruid van die lam 21:9-27**

**3. Die Troon, die rivier en die boom van die lewe 22:1-6**





# 1. Die Hemel as die Woonplek van God

- **Jesaja 66:1**: *“So sê die Here: Die hemel is my troon, en die aarde die rusplek vir my voete.”*



# 2. Die Hemel as die Ewige Tuiste van Gelowiges

- **Johannes 14:2–3**: *"In die huis van my Vader is daar baie woonplek... Ek gaan om vir julle plek gereed te maak."*



## 3. Die Hemel as ’n Plek van Gemeenskap en Aanbidding

- In **Openbaring 7:9–10** sien Johannes ’n groot menigte uit alle nasies en tale voor die troon van God en van die Lam, wat Hom aanbid.



# 4. Die Hemel as ’n Toekomstige Realiteit van ’n Nuwe Skepping

- die **nuwe hemel en nuwe aarde** (Openbaring 21).

# 5. Die Hemel as die Volheid van Lewe

- In die hemel is daar **geen dood, sonde, pyn of trane** nie (Openbaring 21:4).
- Dit is ’n plek van **volheid van vreugde** (Psalm 16:11), waar die boom van die lewe weer vrug dra (Openbaring 22:2).
- Alles wat gebroke was, word herstel.



- 'Die muur was van die pragtigste edelgesteentes gebou. Die stad self was van die suiwerste goud. Dit het geblink en geskitter, byna asof ’n mens na glas kyk. Die fondamente van die stadsmuur was die ene edelstene. Dit was oortrek met jaspis, saffiere, agaat, smarag, oniks, sardis, chrisoliet, beril, topaas, krisopraas, hiasint en ametis, twaalf soorte altesaam. Die fondamente van die stadsmuur was die ene edelstene. Dit was oortrek met jaspis, saffiere, agaat, smarag, oniks, sardis, chrisoliet, beril, topaas, krisopraas, hiasint en ametis, twaalf soorte altesaam. Die twaalf poorte was elkeen uit ’n soliede pêrel gemaak. Die strate van die stad was van goud, skitterblink soos glas. Dit was of ’n mens daardeur kon sien.’ Openbaring 21:18-21



“Ons swaarkry op die oomblik is gering en tydelik, maar dit bewerk vir ons ’n heerlikheid wat alles verreweg oortref en vir altyd vas sal staan. Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare, want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare vir altyd.” (2Kor.4:17-18, NLV).

•



# 1. Hoe lyk die hemel?

'Toe het die engel aan my die rivier met lewegewende water gewys. Dit is helder soos kristal en vloei vanaf die troon van God en van die Lam. Tussen die hoofstraat van die stad aan die een kant en die rivier aan die ander kant staan die boom van die lewe . Dit dra twaalf keer per jaar vrug; elke maand dra hy sy vrugte. En die blare van dié boom gee genesing aan die nasies. Geen vervloeking van enigiets sal langer meer bestaan nie. Die troon van God en van die Lam sal in die stad staan en sy diensknegte sal Hom dien. ‘ OPENBARING 22:1-3



# 2. Hoe is die lewe daar?

Openbaring 21:3–4 – “God self sal by hulle wees... Hy sal al die trane van hulle oë afvee. Daar sal geen dood of smart of pyn meer wees nie.”



# 3. Sal daar diere wees in die hemel

- Jesaja 11:6–9
- Jesaja 65:25
- Openbaring 19:11–14



# 4. Eet ons in die hemel?

Jesaja 25:6

Matteus 8:11.

Openbaring 19:9

Lukas 24:41–43



# 5. Sal ons mekaar herken?


- Matteus 17:3
- 1 Tessalonisense 4:17–18




# 6.Sal ons werk hê?

- Ons sal **dien**: “Daar sal geen nag wees nie … en hulle sal die Here God dien” (Op. 22:3).
- Ons sal **regeer**: “Hulle sal regeer tot in alle ewigheid” (Op. 22:5). Hierdie regering dui op verantwoordelikheid en taakvervulling saam met Christus.
- Ons sal **aanbid**: aanbidding is ook ’n vorm van werk — die volmaakte diens aan God (Op. 7:15).

## Skets van die Doderyk (Sheol/Hades) en Paradys met Kloof (Toestand van pyniging en toestand van troos)



## Die Poel van Vuur (Gehenna/Tofet) – Finale Oordeel

